

WELBEKEND

Fire Protection association
Reg nr: 2154/01

Welbekend Brand Beskermings Vereniging

Nasionale Veld- en Bosbrandwet 1998 (Wet 101 van 1998)

Hoofstuk 4: Voorkoming van Veldbrande (Opsomming)

1. Die eienaar van 'n eiendom waarop 'n veldbrand mag ontstaan, brand, of versprei, moet vooraf brandbane aanlê en instandhou aan sy kant van die heining of die grens met 'n aangrensende eiendom.
2. Die eienaar moet sy bure en die Brandbeskermingsvereniging in kennis stel van sy planne om brandbane te maak.
3. Indien geen ooreenkoms met die bure bereik word nie, moet die eienaar sy voorneme skriftelik aan hulle en die Brandbeskermingsvereniging kommunikeer, met inagneming van die Brandgevaarindeks, wat by die vereniging verkry kan word.
4. Die eienaar van die aangrensende perseel moet die volgende reëlings tref:
    - Brandbane moet op dieselfde dag as die buurman se brandbane gemaak word.
    - Hy of 'n aangewese agent moet teenwoordig wees.
    - Daar moet voldoende toerusting en personeel aan sy kant wees.
5. Die eienaar mag nie voortgaan met die aanlê van brandbane of voorbrande indien:
    - Die Brandbeskermingsvereniging dit afkeur.
    - Die Brandgevaarindeks te hoog is.
    - Omstandighede nie gunstig is nie.
6. By die skep van brandbane moet die eienaar rekening hou met:
    - Weer, klimaat, terrein en plantegroei.
    - 'n Breedte wat voldoende is om te verhoed dat 'n veldbrand na aangrensende eiendomme versprei.
    - Die voorkoming van gronderosie.
    - Die verwydering van brandbare materiaal om verspreiding te beperk.
7. Die reg om brandbane te maak geniet voorkeur bo die beskerming van plantegroei, mits:
    - Daar voorsiening gemaak word om sulke plantegroei te hervestig.
    - Die eienaar dit in ag neem wanneer hy die brandbane plaas.

Hoofstuk 5: Bestryding van Brande

1. Die eienaar van 'n eiendom waar brandbane gemaak word, waar 'n veldbrand reeds ontstaan het, of die moontlikheid bestaan dat dit kan versprei, moet:
    - Voldoende personeel en toerusting byderhand hê en brandbare materiaal verwyder. Let wel: Twee plakke en ’n gieter is nie voldoende nie.
    - Beskermende klere en opleiding verskaf vir personeel wat betrokke is by brandbestryding.
    - ’n Verantwoordelike persoon aanstel in sy afwesigheid.
2. Indien ’n eienaar vermoed dat daar ’n brand op sy of sy buurman se eiendom ontstaan het, moet hy onmiddellik:
    - Sy bure in kennis stel.
    - Die Brandbeskermingsvereniging in kennis stel.
    - Alle moontlike maatreëls tref om verdere verspreiding te verhoed.
3. Enige persoon met personeel onder sy beheer mag verantwoordelikheid neem vir die beheer van 'n brand en mag:
    - Die eiendom betree en indien nodig heinings sny.
    - Bome, gras, weiding of plantegroei vernietig indien nodig.
    - Die toegang tot die perseel beperk.
    - Enige persoon wat hom verhinder om sy pligte uit te voer, met geweld verwyder indien nodig.
    - Beveel dat voertuie en ander items verwyder word indien dit die bluswerk belemmer.
4. Indien ’n brand die grens van ’n ander Brandvereniging oorsteek, moet dit dadelik aan hulle gerapporteer word.
5. Alle beskikbare stappe moet gedoen word om die brand te beheer en die koördinering van bestrydingsaksies te verseker.

Sluit aan by die Brand Beskermings Vereniging!

Die vereniging benodig belangrike inligting om strategiese beplanning te doen. Begin deur die gras op jou perseel kort te sny—dit help die brandspanne om jou op eie koste te ondersteun sonder om hul toerusting of voertuie in gevaar te stel.

* ✉P.O. box 102020 Moreleta Plaza 0167 * Portion 164 Bashewa A/h Pretoria East *

✆071 382 1366 ✆083 302 0565

* bbv.welbekend@gmail.com * www.wfpa.co.za

* Without prejudice to my rights * Copyright protected